# DIE BUFFELBLAD

Beter Beste Bastion

DIE AMPTELIKE SKOOLKOERANT van HOËRSKOOL BASTION

Uitgawe 2 November 2022


# Kultuur = Plesier

## SPREEKKOOR SPREEK RAAK!

Geskryf deur Tanisha Geyer

MINDALORE - Die breinkind van Bastion se twee kultuur hoofleiers het ontwikkel in 'n reuse sukses!

Na maande se harde oefening het ons 'n bietjie senuweeagtig opgedaag by Laerskool Concordia, waar ons deelgeneem het aan die Conspirito Kunstefees. Met ons heel eerste kompetisie het ons 'n uitstekende 98% behaal. Ons is ook uitgenooi na die nasionale rondte waar ons wéér 98% behaal het en as nasionale wenners aangekondig is.

Ons het ook deelgeneem aan die Allegretto Inter Provinsiale Eisteddfod by Hoërskool Uitsig in Centurion. Met trots het ons 93,5% behaal en is ons na hul Gala-aand in Oktober uitgenooi.

Daarna het ons aan beide die Artistatue- en RACA-kunswedstryde deelgeneem op 17 September. By die Artistatue het ons 'n A++ verwerf. By RACA het ons 'n skitterende 100% verower! Ook daar is ons na die Gala-aand waar ons kompeteer vir die beste algehele optrede uitgenooi.

Volgens die beoordelaars is dit báie moeilik om 'n spreekkoor op die planke te bring. Dit is nie maklik om soos een man te praat en te beweeg nie. 'n Spreekkoor moet 'n gedig lewendig maak en die storie vertel. Ons is so dankbaar vir ons afrigter, juffrou Simoné Carstens, wat al hierdie moontlik gemaak het.

Vir ons kultuur hoofleiers, Tiaan Breedt en Mieke de Beer, wat albei ook deelneem aan die spreekkoor, is dit 'n tipe nalatenskap wat hulle by Bastion laat. Ons dank ons organiseerder, juffrou Leonie van Kraayenburg, wat ons met trots, onophoudelik ondersteun.

Ons is baie opgewonde oor ons laaste paar optredes by die Gala-geleenthede en ons skool se kultuurweek in die vierde kwartaal. Hou ons dop!





## Buffelland se nuutste nuus...

Kultuur is 'n dier met 'n ander gier en Bastion kraai koning op elke gebied!

Wie van Bastion se personeel het die Comrades al DERTIEN keer voltooi???

Jy sal nie raai wat ons hoof eers wou word voordat hy onderwys gekies het nie!

Motorkunde – die sleutel tot die Mnr en Mej Bastion kroon!





# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Na afloop van die daarstelling van ons eerste koerant aan die begin van die jaar was een en almal so opgewonde en trots op die eindproduk wat aan die skool voorsien was. Nou staan ons op die vooraand van die volgende publikasie en ons sien met groot verwagting uit na die volgende Buffelblad, wat ek oortuig is nog 'n meersterstuk sal wees, danksy klipharde werk deur Doktor Santie Bothe-Smith en haar Redaksiespan. Baie dankie vir die dae, ure en weke van harde werk, beplanning en die finalisering van die eindproduk, ons waardeer u as span opreg.

Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat hierdie uitgawe 'n bietjie gaan fokus om die "Manne" van die skool – Die Buffelbulle wat almal graag "Dagha-Boys" wil word wat die simbool is van krag, status en manlikheid op die Buffel-plaas. Wat die redaksie egter werklik beplan is ietwat van 'n raaisel aangesien ons manne mos sukkel om die skoner geslag te peil en te verstaan. Gelukkig is ons by Bastion geseënd om dames van die hoogste formaat by ons te hê wat ons wil beskerm en opreg wil bedank vir die wyse waarop u in voorbeeld en daad ons leerders ondersteun.

Geniet die nuwe Buffelblad en by voorbaat geluk aan die redaksie met die tweede uitgawe van 2022.

Bastiongroete
**Mnr Gert Koekemoer**

# OUERSKAP

Dit is 'n geweldige taak om 'n kind groot te maak. Die kompleksiteit van daardie taak vermenigvuldig eksponensieel wanneer hulle die tienerstadium bereik. Die Buffelblad gaan van hierdie uitgawe af 'n bydrae deur 'n spelterapeut, Charise Meistre, insluit om 'n bietjie lig in die donker te werp vir Bastion se ouers. Kinders grootmaak is een ding, tieners grootmaak is 'n perd van 'n ander kleur.






# BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Hierdie koerant word aanmekaar gesit deur Bastion se eie leerders en ek is só trots op elkeen van hulle.

Dit verbaas my altyd as ek 'n kind met hope potensiaal vra om 'n artikel of bydrae te skryf en hul eerste reaksie is gewoonlik: "Nee juffrou, ek kan nie rerig skryf nie..." Dis nie nederigheid wat so praat nie, dis onsekerheid en twyfel en dit breek my hart. Daar is darem ook 'n positiewe kant! Om 'n leerder te sien groei, verby daardie twyfel tot waar hulle opgewonde wag om hulle naam te sien bo-aan hulle artikel of bydrae, dit is 'n beloning wat geen geld kan koop nie.

Bastion bied 'n veilige hawe vir elke tipe leerder, 'n plek waar hulle kan uitvind wie hulle nou eintlik is, wat hulle wil bereik in die lewe en hoe om daar te kom. Dit is 'n eer om deel van hierdie skool se span te wees en met hierdie kinders toevertrou te wees.

**BETER, BESTE, BASTION**



Santie Bothe-Smith

**DIE WAARDE VAN JOU KIND SE VRIENDE**

Ek sit soms in verwondering oor my huidige omgewing. Hoërskool is 'n ander plek. Alhoewel dit uiters intimiderend was aan die begin het ek gou gesien, die lywe is groter maar die harte is nòg klein. Wat 'n beautiful fase van 'n kind se lewe, maar vandag…in ons tyd en samelewing…is die kruis swaar om te dra.

Baie kinders floreer, jy kan sommer die ingenieur, dokter, juffrou sien. Daai temperament is beautifully besig om gestalte te neem. Daar is min dinge so mooi as 'n kind wat gemaklik is met wie hulle is. Maar die storms is baie, die uitdagings van alle kante. Dit is nie 'n maklike fase nie en baie doen dit sonder effort, baie doen dit met 'n glimlag, maar meeste raak iewers verstrengel in die realiteit van elke dag en al sy eise.

Ons vergeet soms hoe verwarrend dit kan wees. Ons vergeet soms dat ons woorde en dade 'n ewige impak kan hê wat kan bou of 'n letsel laat. Soos ek deel word van baie stories, besef ek net al hoe meer hoeveel van ons kinders soekend is en wat die waarde van hulle vriende is.

Jy kan nie jou tiener red, maar hulle vriende kan, want jou kind se vriende weet meeste van die tyd baie meer as jy. Dit is 'n feit en 'n harde realiteit. Dit is hulle veilige plek, waar hulle aanvaar word, nes hulle is.

Raad vra hulle selde vir jou…hulle vra hulle vriende of vreemdelinge… so maak seker daar is ander volwassenes en goeie vriende wat jy vertrou in jou kind se lewe. Kritiek help niemand en dit knip daai naelstring nog vinniger. Mens kom baie verder deur hulle opinie te vra eerder as om jou eie te gee. En hulle verbaas jou dalk net. Soms moet ons net luister en die storms probeer verstaan. Ons vergeet dat ons ook daar was.

*Charise Meistre*
Spelterapeut – Play Laugh Live Therapy
082 529 1952
Charise.meistre@gmail.com

# KULTUUR

**TONNE TONEELSPEL TALENT**
Geskryf deur Jayden Churr

Ons almal weet Bastion is sterk met sport en akademie, maar wat van kultuur?

Bastion se kultuur is groot en het gees! Een goeie voorbeeld hiervan is Toneel 2022. Hierdie jaar het Bastion drie tonele gehad wat aan kompetisies deelgeneem het, naamlik: 'Dromer', 'Tot Dagbreek' en 'Dinosaurs in Pretoria'. Die toneelstuk 'Dromer' is deur ons eie juffrou Simoné Carstens geskryf! Dit is nie waar die juffrou se talente stop nie. Nie net het sy 'n fantastiese toneelstuk geskryf nie, sy was ook die reggiseur vir al drie die tonele! Bastion se Toneel 2022 sou nie eers bestaan het as dit nie vir juffrou Carstens was nie.

Die akteurs en aktrises was almal uiters talentvol en het baie harde werk ingesit om die tonele tot die hoogste standaarde af te rond en natuurlik kan ons nie vergeet van die beste "tech team" ooit nie! Hulle was net so belangrik soos die toneelspelers. Die musiek en klank was perfek op tyd gespeel wat dit amper laat voel het asof jy in 'n film is! Daarnaas ons rekwisiete span wat so hard gewerk het om die verhoog perfek te laat lyk.

Met meer as vier optredes het ons eers na twaalf in die nag by die skool aangekom wanneer ons deelgeneem het en dan moes ons nog eers afpak. Om te sê die harde werk was die moeite werk sou 'n onderskatting wees, want die toneel, 'Tot Dagbreek', het deurgedring om nasionaal te kompeteer! Na al die harde werk en oefening in die skoolvakansie het almal dit geniet. Elkeen wat die moeite ingesit het, of jy 'n akteur, "stage hand" of deel van die "tech team" was, julle het dit die moeite werd gemaak. Ons het definitief 'n paar wonderlike vriende gemaak en verhoudings gebou wat nog jare gaan hou.





**SPANREDENAARS DRA BY TOT BASTION SE NASIONALE OORWINNINGS**

MINDALORE – Bastion se redenaars is nie sommer net nog 'n groep redenaars nie. Ons het nie net een nie, maar twee spanne wat as naaswenners vir hul ouderdomsgroep uitgetree het in die nasionale Oppie Tong Af Redenaarskompetisie.

Hierdie prestasie is nie een om sommer net ligtelik op te neem nie. Redenaars is 'n bitter kompeterende aktiwiteit – soveel so dat skole wat dit kan bekostig professionele "praatjieskrywers" kry om die leerders se mondelinge te skryf en professionele afrigters van buite kry om hulle af te rig. By Bastion swem ons nou nie in die geld nie, maar waarvan ons meer as genoeg het, is talent. Elke mondeling wat deur 'n span redenaars gebruik word, is die produk van leerders en onderwysers wat sáám aan die mondeling werk. Ons begin by 'n gedagte, sit al ons koppe bymekaar en voor jy jou oë kan uitvee het ons 'n 15 minuut mondeling aanmekaar met 'n opinie waarvan ons jou sonder moeite sal oortuig.

Lewe ons eintlik in die "Matrix"? Een van ons graad 11 spanne sal jou kan sê. Dalk neem fantasie sommer ons lewens oor, of so meen een van ons graad 12 spanne. Nog 'n span sal jou vinnig-vinnig oortuig dat vrouens glad nie so moeilik is om te verstaan nie, terwyl 'n ander span jou sal wys hoe stereotipering nou maar hier is om te bly. Die graad 9 span kom met 'n wye draai om jou te oortuig dat 'selfies' eintlik baie gevaarlik is (maar soos rerig, weet jy hoeveel mense gaan dood as gevolg van selfies op die verkeerde tyd op die verkeerde plek??)

Ek glo die meeste van Bastion se leerders moet egter gaan vuur opsteek by ons graad 8 span. Hulle het 'n baie oortuigende vyftien minuut argument oor hoekom video- of rekenaarspeletjies eintlik goed is vir jou, selfs jou ma sal hulle glo! Jou ouers mag dalk net eerder begin om jou aan te moedig om voor daardie skerm in te skuif vir 'n uur of tien!





# BASTION BESOEK BARNYARD

## QUEEN, ABBA EN DIE MUSIEK WAT VIR TOEKOMENDE GENERASIES SAL VOLG

Geskryf deur: Tamsin Swart

***"We break a lot of rules. It's unheard of to combine rock and roll with opera, my dear."***
**- Freddie Mercury -**

KRUGERSDORP - Die aand begin om sewe uur. Mens kan die angstigheid en opgewondenheid in die lug voel, die agtergrondmusiek speel saggies en almal praat onderlangs terwyl ons wag vir die vertoning om te begin. Die ligte verdof en dit raak stil. Mense met van die deftigste uitrustings wat ek nog ooit in my lewe gesien het, stap uit. Hulle kostuums is amper eenhonderd persent ooreenstemmend met dié van Abba en Queen. In voorkoms is hulle die ewebeelde van die bekende sangers, hulle mannerismes, hulle opvoering, hul stemme.

Die gehoor is in ekstase toe "Freddie Mercury" die verhoog opstap. Hy dra die beroemde swart leerpak, sy snor is presies soos ons oorspronklike musiekheld s'n. Sy stem? Op 'n druppel na die regte Freddie. Vir 'n paar oomblikke het ek gedink my oë kul my, want hoe kan een mens só identies lyk aan 'n ander, dit was absoluut verstommend. Volgende op die verhoog het ons die dames van Abba gehad, geklee in lewendige blou kostuums en glimmer orals oor hulle gesprinkel. Hulle hare in die 70's se style, wilde krulle met baie volume. Dit het gevoel asof ek terug in tyd gegaan het, asof ek self deel was van daardie era.

Behalwe vir die musiek, die optrede en die mense wat so aangenaam was, was daar iets binne my wat gelukkig was - wat trots was. Daardie aand het ek besef wat dit is om deel te wees van die Bastion Kultuur. Op elke liedjie wat gespeel Is, het ons kultuurgroepie saamgesing en selfs waar ander nie die musiek geken het nie, het hulle handegeklap en saam op die ritme gedans. Ons seuns het natuurlik hul mooiste sangstemme opgediep toe dit kom by Queen! Lugkitare, stemme wat saam skree - die atmosfeer was lewendig soos almal baljaar het.

Die beste deel, die gedeelte waar ek letterlik hoendervleis voel kriewel het oor my vel, was toe "Bohemian Rhapsody" gespeel het. Die skare het mal gegaan, almal in 'n vyf kilometer radius het saamgesing, inteendeel, saam geskree, toe die liedjie begin. Dit het my trots gemaak om myself deel te kon noem van so 'n lewendige, energieryke groep soos ons kultuurspan. Ek dink ook nie ek het al ooit so lekker gelag soos toe ek sien hoe 'n klomp tieners oor 'n pakkie Romany Creams kan baklei nie.

"Freddie Mercury" het midde in sy stap gestop en gekyk hoe ons groep argumenteer, Ryan het toe net geskree: "Sorry, oom." Vir die eerste keer daardie aand het hy karakter gebreek, vinnig geantwoord met 'n: "Dis okay, boeta!" en voortgegaan met die optrede.

Ek sal beslis weer so 'n gebeurtenis bywoon saam met die kultuurspan, want hulle het dit wraggies die moeite werd gemaak.

*"Thank you for the music, the songs I'm singing*
*Thanks for all the joy they're bringing"*







# SPORT

## BASTION SE BUFFELS STORMLOOP DIE RUGBYSEISOEN

**TACKLE HOM MANNE!**
Geskryf deur Anesca Louw

MINDALORE – Op 'n koue, nat, oortrokke, reënerige Saterdag-oggend in Buffelland het ons rugbymanne weer vir ons gewys hulle het Bastion Gees!

Al was die weer teen ons, het ons manne gesorg vir baie opwinding in die wedstryd teen Hoërskool Fochville op die 21ste Mei. Die toeskouers was op hete kole, die atmosfeer op die pawiljoene was net so warm soos die spel op die rugbyveld. Ons medeskoliere het gesorg dat elke speler op die veld geweet het dat almal, ouers en onderwysers ingesluit, bankvas agter hulle gestaan het met krete wat almal hoendervleis gegee het soos wat dit oor die veld weergalm het. Wat 'n trotse oomblik was dit ook nie toe ons Buffel sy verskyning maak nie! Die toeskouers het mal gegaan!

Ons tweede span het ons laat naels kou met hulle vroegoggend wedstryd. Die Fochies het maar gesukkel om deur ons Buffels se verdediging te kom en wanneer 'n Buffel 'n Fochie platgetrek het op die veld, het jy net water sien spat.

Deur die verloop van die oggend het mis dig oor die rugbyveld kom lê en die eerstespanne het wegkruipertjie-rugby moes speel! Al kon die toeskouers nie altyd die spelers op die veld sien nie, het die spelers verseker geweet dat die toeskouers daar was met hulle aanmoediging en krete.

Al ons rugbyspanne het hulle harte uitgespeel op hierdie uiters koue, nat dag en ons super trots gemaak om deel te wees van die Bastion Plaas. Ons harte het vuurwarm geklop!






**EERSTE PLEK IS NIE ALTYD DIE EERSTE PRYS**
Die onder 15's se rugbyseisoen van 2022
Geskryf deur Ewan Smit




Tydens die eerste oefening was ons span maar nog defnitiewe beginners – balle is aangeslaan, die sweet het ons afgetap en die gesiggies was bloedrooi van uitputting, maar die glimlagte was van oor tot oor!

Na 'n week en 'n half van harde oefening, het ons ons eerste amptelike wedstryd gespeel teen Allen Glen High School se tweede span. Die finale puntetelling was 29-0 in Allen Glen se guns, ons het verloor, maar ons was almal ongelooflik trots oor die goeie wedstryd wat gespeel is.

Ons het harder geoefen, ons bes gegee en ons harte uitgespeel en so kon ons as oorwinnaars uittree in die wedstryde teen HTS Carel de Wet, Springs Boy's HS en Steel Crest HS. Ons hardste wedstryd was teen Hoërskool Linden, maar ons was vooraf goed gemotiveer en al het ons verloor, het ons die beste gees gehad – dis nou die één ding van die onder 15's, ons het GEES!

Ten spyte van die verloor teen Linden kon ons deurgaan na die semi-finaal teen HS Riebeeckrand in Randfontein. Tokse aan, klaar opgewarm, die Buffelbom-kreet om ons aan te moedig en ons draf uit. Die fluitjie blaas en die wedstryd begin. Harde 'tackles' is gemaak en 'n hele paar drieë is gedruk. Die eindfluitjie blaas en daar is trane in ons oë – trane as gevolg van beserings, maar ook trane van trots. Hoewel ons verloor het, was wen nooit waaroor dit gegaan het in die eerste plek nie. Dit was 'n absolute voorreg om saam met my Buffel broers te kon speel. Ek sien uit na die volgende seisoen!



**AL WAT ONS SIEN, IS DIE BUFFELMASJIEN!**

Geskryf deur Damian Knoren

MINDALORE – Twee geleenthede wat uitstaan vir die 2022-seisoen is die KHS Easter Festival en die wedstryd teen Hoërskool Linden.

Die KHS Easter Festival was waarlik ’n naweek vol harde rugby, talent en sportmangees. Daar was agt spanne wat deelgeneem het, spanne van Zimbabwe, klubs en gerespekteerde skolespanne en nie één van hulle kon die Bastion Buffels trap nie. Dit was ’n hele naweek waar Bastion se naam hoog gehou is deur ons spelers en hulle ons as Bastioners trots gemaak het op elke manier.

KHS Easter Festival uitslae vir Bastion:

| | | |
|---|---|---|
| Bastion vs KHS | 29 – 10 | WEN |
| Bastion vs Benoni | 9 – 3 | WEN |
| Bastion vs St Georges | 29 – 27 | WEN |
| Bastion Invitational vs Titans | 0 – 85 | VERLOOR |
| Bastion Invitational vs Fourways | 9 – 7 | WEN |
| Bastion Invitational vs KHS Invitational | 36 – 7 | WEN |

Teen Linden het ons ’n naelkouer van ’n eerste helfte gehad wat hierdie wedstryd vol senutergende spanning gemaak het. Met spelers wat hulle harte uit gespeel het vir die sport en hulle skole, met determinasie om te wen – van die afskop tot die blaas van die eindfluitjie.

Party sal sê dat dié wedstryd die Bastion Buffels se beste een was van die seisoen. Dit was een wat jy maar net moes beleef in persoon. Met lakke (dis nou die mooi Afrikaans vir tackels) wat ’n persoon sommer in ’n ander bloedgroep sal instamp tot die uitvoering van taktiek van oorlogsgehalte.

Die Buffels het Linden ’n ordentlike pakslae gegee met ’n eindtelling van 26 – 19 en ons het hulle gewys hoe rugby rerig gespeel moet word!



# NEEEEETBALLETJIE, -BALLETJIE, -BALLETJIE.... BAL! BAL!

## NOG 'N DOEL DAMES!

Geskryf deur Anesca Louw



Foto: Anuschka Kotzee



Foto: Chuné Lingenvelder

MINDALORE – Op 'n koel, bewolkte dag kom Bastion en Jeppe High se netbalspanne teen mekaar te staan. **2, 3, Bastion! 2, 3, squeeze!!** Ons Bastion-dogters se kreet het die lug in gestyg voor die eerste wedstryf afgeskop het – mens kon hulle ver oor die bane hoor skree.

Die afwagting was tasbaar in die lug rondom die netbalbane en toe die fluitjie blaas vir die eerste wedstryd om te begin, kon jy alreeds sien hier kom 'n opwindende netbalmiddag. Die toeskouers was defnitief nie teleurgestel nie! Die spel was vinnig en die sweet het sommer onmiddellik begin tap soos elke speler haar alles gegee het vir hierdie mooi spel.

Die bal het van die een kant van die baan na die ander kant gevlieg en jy kon die vasberadenheid op die dogters se gesigte sien soos hulle verbeter baklei het vir balbesit. Al die harde werk wat ingesit is tydens die oefeninge het vrugte afgewerp met pragtige vertonings van vlugvoetige meisies op ons netbalbane.

Die afrigters kon met trots toekyk hoe hard hulle meisies speel en hoeveel van hulle harte in die spel is. Al was daar 'n paar voetfoute, obstruksies en gemisde doele, het die spelers ons trots gemaak. Doel na doel het Bastion die bane aan die brand gespeel!

Ons kan met trots die spanne wat gewen het gelukwens en al was nie almal wenners met punte nie, was elke speler 'n wenner deur hul ongelooflike spelvaardigheid en die sportmangees wat hulle uitgestraal het.




## BASTION TEEN BEKKER

Geskryf deur Liané Wagner

MINDALORE – Bastion se netbal bring wenners huis toe en trots vir ons skool. Die wedstryd teen Bekker was geen uitsondering nie en dit was 'n opwindende dag op Bastion se netbalbane.

Uitasem, met sweet wat tap en die tyd wat uitloop, wys Bastion se netbalmeisies dat spanwerk en hardwerkendheid tot die laaste sekonde altyd die moeite werd is, veral wanneer jy goud met 'n glimlag huis toe vat!

Met 'n wel gespele wedstryd teen Hoërskool Bekker wen Bastion se eerste netbalspan met 'n telling van 33 – 23. Die tweede span, o/16s, o/15 A en B spanne het hulle laaste ligawedstryde lag-lag gewen. Beide die eerste en tweede spanne wen die liga as onoorwonne spanne. So sluit Bastion die netbalseisoen af met basies geen teleurstellings nie – ons netbaldames weet net hoe om al die mense se aandag te trek!








# KRIEK, KRIEK... KRIEKET KRY WEER LEWE!

**SOOS ’N WAFFERSE FENIKS UIT DIE AS**

Geskryf deur Meneer George Engelbrecht




MINDALORE - Na Covid-19 alle sport vir bykans twee jaar gekniehalter het, is ons besig om Bastion se krieket weer stadig maar seker op te tel en te herstel tot sy volle glorie. Bastion het op die oomblik een dogtersspan en die seuns speel in o/14 en o/19-krieketspanne.

Die seuns het tot dusver van Augustusmaand af reeds deelgeneem aan die Gauteng Wes T20-liga en die Noordvaal Saterdagliga oor 50 boulbeurte. Dié seisoen het reeds tien wedstryde vir beide ouderdomsgroepe gebied. In Oktobermaand word daar begin met die Johnny Wait Cup, ’n T20-reeks asook die Johannesburg Saterdagliga (50 boulbeurte) wat sal oorgaan na die 2023 krieketseisoen in Januarie en Februarie. Ons dogters het aan die Gauteng Westoernooi deelgeneem ter voorbereiding vir die Gautengliga. Hulle trek self al by tien wedstryde.

Hoogtepunte tot dusver was verseker die Indiese toerspan van Rajasthan wat hier op eie bodem teen ons kom kragte meet het – ons wen beide wedstryde! Rudie Harmse wat sewe paaltjies in slegs één wedstryd met die bal teen KHS geneem het en dan Bastion se dogters wat hulle eerste twee ligawedstryde gemaklik gewen het teen Northcliff (wat ook twee driekunste ingesluit het) en dan natuurlik teen Jeppe Girls. In die seisoen sover is daar drie driekunste aangeteken (Amore Jacobs, Bronwen Cox en Danika Maree) en ook ’n vierkuns deur Leezl Bredenkamp.

Bastion se eerste krieketspan jaag ’n indrukwekkende 282 lopies gemaklik af teen Fochville met Ethan Reyneke vir 70 lopies en kaptein, Juan Venter, 66 lopies nie uit nie. Ons het verseker ook ’n paar karakters in die eerste krieketspan soos ons eie loskoppie, Christo Troskie, wat nooit kan onthou wat ons beplan het en wat ons gaan doen nie, ons eie meneer Bastion Junior, Jahnco Bekker en ons ou man in die span, Damian Botha (Gr 12), wat geen krieketoefening óf -wedstryd wil mis nie en altyd stil, dog ernstig gefokus, is!

Ons planne word gebou om ons huidige o/14 krieketspan se seuns oor twee jaar die trots van Bastion te maak. Die eerste krieketspan van 2022 gaan vir hulle die standaard stel waarheen hulle gaan mik en selfs met tyd sal oortref. Ons gaan Bastion se dogters gaan op oefenkampe oplei om die Wesrand se beste dogterskrieketspan te word. Planne het ons baie en daar wag verseker groot sukses op Bastion se krieket.







Foto: Suzel Zevenster

**MEISIES MOKER MET MENING HIERDIE KRIEKETSEISOEN**

Geskryf deur Amoré Jacobs

MINDALORE - Ons dogterskrieketspan het een fantastiese seisoen wat voorlê, die dames het talent wat skrik vir niks en ons het baie ‘guts’ om aan die sport deel te neem – voel maar net hoe seer is dit as n krieketbal jou tref of selfs as jy moet duik vir daai bal. En dan sê mense rugby is rof!



Aanvanklik het ons sonder ’n afrigter gesit, maar toe gebeur dit dat Mnr Con de Waal ons gesien het en dadelik belangestel het om ons te help vorm in ’n wenspan. Ons het ’n fees by elke oefening, want ons het ons eie "wette" wat daar nagekom moet word, byvoorbeeld: juffrou moet saam hardloop en saam balle vang! Dan kry elke meisie ’n kans om haar volle potensiaal te ontgin.

Die beste deel van hierdie span is dat elke meisie sal inspring om iemand te help al leer sy ook nog eers. Hoewel ons nie ’n perfekte span is nie, is ons is een great span met spangees en ondersteuning aan mekaar, spanbou en spanwerk. Ons dogtersspan weet presies wat ons mikpunt is.

Wat maak krieket dan nou so anders? Krieket maak seer, krieket laat jou veg teen vrees, dit help jou fokus en dit help jou om jou frustrasies oor jou wiskunde punt hard weg te slaan!

# LEER KEN 'N PAAR BASTIONERS

**HARDLOOP OM JONK TE BLY**
**'n Onderhoud met Meneer Stephen Nhlapo**
Geskryf deur Robyn Raadt



**Robyn Raadt: Hoe lank is Meneer al by Bastion?**
Stephen Nhlapo?: 31 jaar.

**RR: Wat is die lekkerste vir Meneer hier by Bastion?**
SN: Om dinge reg te kry en te weet alles is reg en dit werk. En die liefde van die kinders is wat my hier gehou het.


**RR: Wat was die moeilikste ding wat Meneer al moes doen by Bastion?**
SN: 'n Geyser is die moeilikste ding. Meeste goed kan ek doen, maar *'n geyser…*

**RR: Wat dink Meneer moet ons generasie leer of meer doen?**
SN: Dissipline. Jy kan enige iets doen as jy dissipline en respek het, alles kom daarna.

**RR: Het Meneer enige verborge talente?**
SN: Padwedlope! Ek het al 13 keer die Comrades, 5 keer die Two Oceans, 3 keer die Cape Town Marathon, 8 keer die Om die Dam en 2 keer die Loskop Marathon gedoen. Ek het al in al die provinsies van ons land gehardloop. Ek hardloop, want dis lekker. Ek baie trots om te kan sê ek het 'n permanente nommer vir die Comrades. Dit beteken niemand anders kan ooit met my nommer hardloop nie. Dit was harde werk en dit was moeilik. Ek het op 'n stadium my knie beseer en kon vir twee jaar nie hardloop nie, maar as jy hardloop word jy nie oud nie – *'n m*ens moet aan die gang bly.

**RR: Waaraan dink Meneer as Meneer aan Bastion dink?**
SN: Die skool is baie naby my hart. Alles wat ek het, het ek deur die skool. Ek dink die Here het my hier na Bastion gebring.

Meneer Nhlapo is waarlik 'n aanwins vir Bastion. Met sy werksetiek en werklike liefde vir sy werk en ons skool, kan ons nie vir iemand beter gevra het nie.



**LEIDING, GEFOKUS, MET RESPEK, TOT SUKSES**
**'n Onderhoud met Bastion se Hoof**
Geskryf deur Robyn Raadt en Leah Roets



**Robyn en Leah: Hoekom het Meneer juis onderwys as beroep gekies?**
Meneer Koekemoer: Ek wou eintlik 'n oseanograaf geword het. My pa was 'n skoolhoof en ook 'n dekaan van 'n universiteit, so toe ek die keuse moes maak toe ek klaar is met matriek, het ek gedink hy is die beste voorbeeld vir my. Hy was die inspirasie agter daardie besluit.

**R&L: Wat sou Meneer vir Meneer se jonger self wou sê?**
MK: Ek moes meer geluister het na my ma en pa.

**R&L: Watter raad sou Meneer vir die kinders van vandag wou gee?**
MK: Weet wat is jou doelwit en wat jy wil bereik sodat wanneer jy die skool verlaat jy 'n waardige mens gaan wees met goeie beginsels en karakter.


**R&L: Wat mis Meneer van kindwees?**
MK: Die sorgeloosheid. Waar jy baie dinge kan doen omdat jy 'n kind is en jy word nie verantwoordelik gehou nie. Jy kon mal gaan en in ons dae kon jy baie stouter dinge (mooi stout) gedoen het. Jy kon vrugte gaan steel en niemand het jou daarvoor vervolg nie. Om met jou fiets in die straat te ry, om te loop om by jou maat te gaan kuier en te weet daar is nie 'n probleem op die pad nie. Die natuurlike vryheid van kindwees binne 'n veilige omgewing.

**R&L: Het Meneer enige verborge talente?**
MK: Jy sal my vrou moet vra! Comrades twee keer voltooi. Ek sou eerder sê ek het belangstellings en geleenthede as gevolg van my ander vorige beroep in die weermag. Ek het 'n goeie loopbaan in die weermag gehad en as bevelvoerder uitgetree.

**R&L: Wat dink Meneer is dom van skool?**
MK: Dat almal dink daar is iets dom aan skool.

**R&L: Wat was die coolste ding op aarde toe Meneer op skool was?**
MK: Die spangees onder ons, veral met sportgeleenthede, deelnemers en toeskouers se gees en eenheid as 'n skool.

**R&L: Wat is Meneer se gunsteling herinnering hier by Bastion?**
MK: Vir elke aspekte van skool is daar goeie herinneringe wat ek sal wil bewaar, maar wat vir my uitgestaan het was hoe ek verwelkom is van die begin af.



# SOSIAAL

## MNR EN MEJ BASTION 2022– SAG OP DIE OË, GOED MET ENJINS!

### WENNERS 2022

**Mej Bastion Senior**
Wenner:
Chanté van Eeden
1ste prinses:
Natasha Gildenhuys
2de Prinses:
Chanté Uys

**Mnr Bastion Senior**
Wenner:
Dylan van der Linde
1ste prins:
Deanin Marais
2de Prins:
Liam Jacobs

**Mej Bastion Junior**
Wenner:
Annelien du Plooy
1ste prinses:
Ashley Burger
2de Prinses:
Leanie Botha

**Mnr Bastion Junior**
Wenner:
Jhanco Bekker
1ste prins:
Tatyn Gouws
2de Prins:
Rudie Harmse

**Mnr Fotogenies**
Shane Smit

**Mej Fotogenies**
Cassandra Heppel



**MNR EN MEJ BASTION – 'N KYKIE AGTER DIE SKERMS**
Geskryf deur Angelique Bawden

ROODEPOORT - Van hare en grimering tot die perfekte rok en skoene was dit 'n stresvolle, maar tog lekker aand vir die deelnemers van Mnr en Mej Bastion 2022. Die gevoel agter die verhoog sal ek nooit vergeet nie - 'n mengsel van spanning en opgewondenheid waar mens nie seker is of jy in 'n hoekie wil wegkruip of op die verhoog wil staan en dans nie.

Ek het nog nooit "girl power" ervaar soos op dié aand nie. Meisies wat mekaar opbou en help waar hulle kan. "Benodig jy 'n speld? Ek het een!" Elkeen het ingespring as iemand iets of hulp met 'n rok of skoen benodig het. Die meisies het almal absoluut asemrowend gelyk en die seuns soos regte "macho" manne.

Dit was so lekker gewees om te hoor hoe die deelnemers mekaar komplimenteer op hul rokke, skoene, hare en pakke. Dit het die aand soveel minder stresvol gemaak.

Agter die verhoog en op die verhoog was twee aparte wêrelde. Agter het almal geselsies aangeknoop en mekaar gevra of hulle okei lyk. Hier en daar oefen 'n groepie die dans of hulle passies vir die loopplank. Die kinders was almal baie ondersteunend. Om te hoor hoe jou vriende en selfs die kinders wat jy nie ken nie vir jou juig en ondersteun laat die stres en senuwees net wegsmelt. Dit was regtig 'n eens in 'n leeftyd ervaring.

Die afkondiging van die top 10 het almal op hete kole gehad. Jy hoop jy word gekies, maar jy hoop ook jou vriendin of vriend word gekies en al word jou naam nie gelees nie juig jy tog vir dié wat gekies is. Nadat die wenners aangewys is, was dit "geluk" hier, drukkie daar en almal was net bly vir mekaar. In my oë was almal wenners. Dit is regtig 'n aand wat ek nie sommer sal vergeet nie.

**MODELLOOP VAT OEFENING!**
Geskryf deur Leah Roets

MINDALORE – Ek daag die middag vieruur op by die skool om Bastion se deelnemers aan die Mnr en Mej Bastion kompetisie se voorbereidings te kom uitkyk.

Juffrou Jonker het die leerders baie mooi gewys hoe die passies lyk wat hulle vir hulle moet maak en die wat gesukkel het, het bietjie ekstra hulp gekry. Dis nie só maklik soos wat hulle dit laat lyk nie! Boonop moet die meisies dit nog in hoë hak skoene doen, dít is 'n talent op sy eie!

Terwyl die seuns aan hulle dans gewerk het, het die meisies agter die verhoog kaalvoet aan hulle dansies geoefen – dit het na soveel pret gelyk!

Die ondersteuning wat die deelnemers aan mekaar gebied het, was ongelooflik. Soveel as wat elkeen wou wen, soveel was hulle daar vir mekaar en altyd reg om hulp te verleen.






Bastion Snr 2de Prins
2022
Bastion Jnr 2de Prins
2022

# 23 SEPTEMBER 2022

## BASTION LOOP OOR VAN TALENT




**BEAUTY LIES IN THE EYE OF THE BEHOLDER**
Geskryf deur Amoré Jacobs en Carmon Mattheus

MINDALORE - Wat is die regte beskrywing nou eintlik? Hierdie uitstalling van ons kunswerke was so lekker, maar net tot ons op ons senuwees begin raak het. Ons visuele kuns kinders het baie talent – ek het juis vir juffrou Melardi Grobler verduidelik hoe elke kunsstuk sy eie persoonlikheid het en unieke gevoelens ontlok. Van die kleure se betekenis tot elke skakering.

Almal dink dat ontwerp nie rerig so erg kan wees nie. Wel kom ek sê jou ’n ding of twee van ontwerp. Ontwerp is stresvol en nie so maklik soos wat almal dink nie en ’n uitstalling aan die einde van ’n jaar nog minder! Dit is twee dae wat baie spannend kan wees, om mense te hê wat na jou werk kyk en dat hulle dit beoordeel, maak ’n mens op jou senuwees. As jy rondloop en kyk na ander ontwerpers se kunsstukke sal jy sien hoe elke ontwerper anders is en dinge uit ’n ander oog sien as wat jy die wêreld sien. Dit is wat ’n uitstalling ook lekker maak, om te sien hoe mense dinge in die wêreld sien.

Die leerders wat ontwerp as ’n vak het, het aan ons besoekers verduidelik dat dit nie net ’n vak is nie, maar dit rus jou toe om volgende uitrusting te kan maak of selfs ’n nuwe spoggerige kantoorstoel. Daar is geen einde aan die moontlikhede van ontwerp nie!

Ons het ’n suksesvolle twee dae gehad, van trots loop die Bastioners oor!

**BESIGHEID OP DIE BREIN**

MINDALORE – Bastion se graad nege leerders het hulself goed van hul taak gekwyt tydens hulle entrepreneursdag. Daar was soveel kreatiwiteit aan die dag gelê. Jy kon iets van alles eg Suid-Afrikaans kry – van varsgebakte koeksisters (as jy nog nie Angela van den Berg se koeksisters geproe het nie, maak ’n plan!!) en melktert tot braaibroodjies en katkoppe en natuurlik ’n welbekende gunsteling: worsrolletjies. Daar was unieke produkte en slim spesiale aanbiedinge. Die son het vir ons gaar gebraai, maar gelukkig was oom Rudie daar om die groot sproeier vir ons aan te sit om af te koel!



# KASKARDAG

**FORMULA ONE SE DINGES!**

Geskryf deur Chanté Uys / Foto's deur Johannes Myburgh en Anesca Louw







Wat 'n dag! Ek dink almal kan saamstem as ek sê dit was 'n onvergeetlike een! Almal het hulleself gate uit geniet, van die graad 8's tot die onderwysers. Dit was ons eerste kaskardag sedert Covid gebeur het en dit was 'n reuse sukses.

Almal se kaskarre was uniek en daar is baie kreatiwiteit ingespan in die bou en versier daarvan.  Die hoofgebeure van die dag was die waterkaskenades, die sport teen die onderwysers en 'n lekker sokkie om die dag mee af te sluit. Ek wil net vir die onderwysers gelukwens en sê en dink julle het definitief die meeste gees! Veral juffrou Jonker is 'n voorbeeld vir ons almal, sy het nie op haar laat wag nie en het kaskar gestoot, gery en almal aangemoedig. Eintlik het al die onderwysers ons verbaas! Dankie aan elke onderwyser en leerder wat aan hierdie dag vol pret deelgeneem het en geluk aan al die wenners!



















# RUBRIEKE

## SARKASTIESE SARIE GEE RAAD.

Geskryf deur 'n plaaslike, anonieme raadgewer wat 'sarkasme' vlot kan praat.




Sarkastiese Sarie is hier om elke liewe 'special snowflake' te help met hulle 'first world problems'. Hier kry jy sommer 'n goeie dosis realiteit. Lees gerus ons lesers se 'probleme' en Sarie se kort en kragtige raad om sommer vinnig daarvan ontslae te raak!

Indien jy graag wil hê Sarie moet ŉ bietjie aandag aan jou spesiale probleempie gee, skryf ŉ briefie en kom plaas dit in die koerantboks in K11.

**Liewe Sarie**
**Wat kan ek doen om meer populêr te wees? Die mense spot omdat ek nie so baie followers soos hulle het nie. ☹**
**#wannebefamous**
Liewe #wannabefamous
Begin deur jou bitter persoonlikheid te sanitize en probeer om nie jouself te wees nie.
#needapersonalitymakeover

**Liewe Sarie**
**My kêrel spandeer al sy vrye tyd aan sy stupid Xbox. Hoe kan ek weer sy aandag kry?**
**#mismyliefie**
Liewe #mismyliefie
Nee wat, daai is ŉ verlore stryd, kry maar ŉ nuwe een.
#consolepeasantswillneverlearn


**Liewe Sarie**
**Elke keer as ek by die huis kom, wag 'n hoop skottelgoed vir my. Wat kan ek doen om my ma te oortuig dat ek dit nie hoef te doen nie?**
**#niemandseskroplapnie**
Liewe #niemandseskroplapnie
Dalk moet jy self ophou om vuil skottelgoed *te maak…*
#deelvandieprobleem

**Liewe Sarie**
**My ouers wil nie vir my die nuutste iPhone koop nie. Hulle sê ek het dit nie nodig nie. Kan jy dit glo? Hoe moet ek 'n insta-model word sonder 'n ordentlike foon???**
**#applelife**
Liewe #applelife
Ek kan dit inderdaad glo, ŉ nuwe foon gaan niks help vir daai gevreetjie van jou *op foto's nie, jy gaan net die lens breek.*
#crappleface



## OPINIES WAT SAAKMAAK

Resensies oor baie belangrike dinge
deur Raheem Berning en Bouwer Fourie



**SKRYF HY NOU SOOS 'N KRAP OF 'N DOKTER?**

MINDALORE – Onderwysers is maar haastige mense, so soms skryf hulle maar vinnig as daar baie is om te skryf. Het jy al ooit 'n nota in jou skrif gekry en dan gewonder of dit 'n kleuter was wat daar 'n kunswerk gepoog het? Vir hierdie uitgawe het Raheem en Bouwer 'n evaluasie gedoen van ons manspersoneel se handskrif, net om te sien of van hulle nie dalk eintlik eerder dokters moes word nie!

Die reëls was eenvoudig: alle deelnemers moes dieselfde paragraaf (wat al die letters van die alfabet ingesluit het) met die hand oorskryf en dit inhandig vir evaluasie vir 'n professionele opinie.

Daar was slegs 8 deelnemers en alle skryfstukke is anoniem voorgehou aan ons twee resenseerders. Die kritiek was fel... Wilde kommentaar soos 'swak spasiëring', 'onafgeronde letters' en 'waar was hierdie man se graad 1 juffrou?', is rondgegooi. Die belangrike ding wat ons geleer het, is dat ons dankbaar is dat ons vraestelle deesdae getik word en nie met die hand geskryf is nie – veral dié wat die menere opstel!

Die wenner, met die mees leesbare en netjieste handskrif is meneer Quintus Writes. Ons wil nie te veel uitlap oor die ander deelnemers nie, maar ons wonder tog of meneer Ju-Han Swart en meneer Rynhardt Venter nie dalk hulle roeping in die mediese veld gemis het nie... 😉




Deur: Raven van den Heever

# BASTION SKRYF

Bastion het 'n magdom talent wat nie net beperk is tot akademie, sport en kultuur nie. Daar is 'n hele paar van ons leerders met 'hidden talents', byvoorbeeld die vermoë om só te skryf dat die leser elke woord opslurp, ongeduldig om die volgende een te lees. Ons skrywers is ons vrye siele, hulle laat hulle bloot deur inspirasie lei en hierdie kwartaal het ons digters die voortou geneem. Geniet hierdie wel ter tale leerders se vermoë om met woorde te toor! – REDAKTEUR

## WAT DIE HART VAN VOL IS – BASTION DIGKUNS

**AANBIDDER**
Geskryf deur Tamsin S

Ek dink ek sal verewig verlief wees
op mans wat nie bestaan nie,
Mans wat ek kan manipuleer
tot my eie beheer,
waar ek kan besluit hoe hulle my hanteer en hoe hulle my liefhet,
Want hierdie mate van ons mans is onvanpas.

Ek dink ek sal verewig verlief wees
op mans wat ek skryf:
Mans wat my karakters liewer het as die lewe, liewer as wat hulle hulself het.
Hy baklei teen my demone en
bring engele na my stoep,
Hy dink aan my wanneer hy deur die dag werk en hy maak my prioriteit.

Veg sy hande af vir my,
gee om vir my asof ek saak maak.
Raak jaloers om ander mans, maar net tot mate,
want hy weet geen man
gaan die beheer hê soos wat hy het nie.
'n Man wat my behandel asof
die waarde van die wêreld
om my heupe hang,
my kan groet asof ek saakmaak.

'n Man wat gelukkig kan wees saam my.
Nie een wat net maak asof hy is nie





**WATERVAL HART**
Geskryf deur Kara Botha

Met 'n hart vol smart
Gee ek steeds meer as wat ek kan
Met 'n waterval hart
Gee ek steeds meer as die normale man

Ek kyk na jou,
jou aksies, jou optrede.
Ek het al meer gegee as jy
in my kort lewe.

Met 'n waterval hart wat
jare terug al droog geloop het,
leef jy jou lewe terwyl jy almal
om jou besmet.

Besmet met gevoelens van haat
teenoor almal na aan jou.
Almal wat net 'n goeie verhouding met jou wil bou.


Met 'n waterval hart wat altyd oorspoel
doen ek wat ek kan.
Is hierdie my enigste doel?
Om meer te gee as die
normale man?

**MAYBE**
Geskryf deur Shay*

Maybe she isn't made up of rock.
Maybe her skin is not bulletproof.
Maybe her heart is not a stone.
And maybe there isn't emptiness where
her soul should be.

Maybe she is made up of flowers
only craving a little sunshine in her life.
Maybe her skin is soft and easily scarred,
so she shields it from the world.
Maybe her heart is a precious gem
which she guards with her life.
Maybe her soul is a soft melody
echoing in the wind.

And maybe,
just maybe
She's not as bad as she seems.







**SWARTKRANS SE GEHEIM**
Geskryf deur Amber-Jade Snyman

“Sarie... Sarie... Sarie...” hoor ek ’n stem verlangs na my roep. Dis my ma wat langs my bed sit, moedeloos, hartseer en uitgeput. Stadig maak ek my oë oop en kyk verward om my rond. Waar is ek en hoe kom ek hier? “Wat is dit ma, wat gaan aan?” Met trane wat nou vrylik oor haar afgematte gesig stroom, antwoord sy: “My kind! Dankie Vader”, prewel sy met ’n stem skor van emosie. “Sarie, ek het gedink ek het jou vir ewig veloor, maar my geloof was sterk en ek het onverpoosd gebid dat jy sal wakker word uit hierdie diepe slaap.” Moeder sien die vrae in my oë en begin vertel: “My kind, jou man het jou gelos en met ’n flerrie weggeloop. Hy het al jul spaargeld gesteel, tot jou restaurantjie se bankrekening leeggemaak. Hy het jou gelos met niks. Jy was verpletter, tot in die grond vertrap, want al jou jare se harde werk in jou droom restaurantjie, terwyl hy leeggelê en rondkerjakker het, is in ’n paar uur verwoes. Jy was desperaat, die bank het alles gevat! Jy het geknak en wou ’n einde aan jou lewe maak, maar dit was nie jou tyd nie. Met genade van Bo het die boom se tak gebreek. Jy het hard met jou kop teen ’n klip beland. Bewusteloos en tou om jou nek het Jaden jou gekry toe hy die skeibriewe vir jou wou bring om te teken. Dis nou drie maande sedert jy per ambulans na die hospitaal gebring is. Die dokter het nie veel hoop gehad nie, want jy het baie bloed verloor en was in ’n diep koma, maar ek het deurgaans by jou gewaak en gebid en geglo dat jy sou terugkom.”

Soos die dae verbygaan, onthou ek daai dag se gebeure. Eers net stukkies en brokkies en dan die totale verhaal, ek wens dit was net ’n droom. Ek is kwaad vir myself, dan raak ek woedend en skree, "Daai vark, Jayden, hy het my na selfmoord gedryf, my ontneem van alles en soos ’n slegding weggeloop met ’n ander vrou!"

Soms kook Sarie se bloed steeds van woede as sy terugdink aan hul skeidag. Daar in die kafeteria sit Jayden en sy nuwe "sidechick", hulle suig langsaam aan hul pienk melkskommels, terwyl hulle handjies vashou en giggel soos twee bakvissies. Sarie kan nie onthou dat sy hom daardie aand oorgenooi het nie, maar sy onthou die laaste keer wat sy vir Jayden gesien het, was toe die swart sak waarin hy gelê het by Swartkrans ver na benede in die kolkende see verdwyn het. Sy wonder hoe lank dit sal vat om sy liggaam te vind, hopelik net so lank as wat dit haar vat om ’n goeie man te kry.

# OP ’N LIGTER NOOT...

**DIE PROBLEEM MET AFRIKAANS**
Geskryf deur Dominique de Kock

Ons taal is heeltemal belemmer. Ek meen, kyk na jou beroep, jou werk of jou loopbaan. Soveel woorde vir een enkele konsep.

’n Bouer bou ’n gebou. Gebou beteken jy het dit reeds gedoen. Wat van ’n “Fireman”? Dit moes ’n vuurman gewees het, maar wat noem ons hom in Afrikaans? ’n Brandweerman.... Het dieselfde plek die heeltyd gebrand? “Frik! Frik! Daai plek brand-weer-man! ’n Beter Engelse woord om te vertaal is ’n “firefighter” – ‘vuurvegter’ klink net soveel beter!

’n Boer het ’n boerdery. Maak ’n skil dan ’n skildery? Nee, dis ’n kunstenaar. Vir een of ander rede is ’n sanger óók ’n kunstenaar. En as jy ’n haas uit ’n hoed uit trek, is jy ’n kulkunstenaar? ’n Persoon wat hare sny is reeds in Engels problematies – “hairdresser”. Wie trek sy hare aan? Gaan na ’n salon, betaal R500 vir iemand om jou hare te knip en jy kry ’n hoedjie?? Ons? Óns noem dit ’n ‘haarkapper’. Het hulle in die ou dae byle gebruik om hare te knip? Hoekom is dit nie net ’n ‘haarknipper’ nie? As jou hare te lank is by die skool, dan kry jy ’n briefie wat sê: “Sarel se hare moet geknip word”, nie “Sarel se hare moet afgekap word” nie. Sarel is nie ’n boom nie! Bome word afgekap deur houtkappers. “What are you doing?” “I’m hitting a tree with an axe.” Noem hulle hom ’n “treecutter”? Nee! ’n “Lumberjack”! En ons? ’n Houtkapper. Creative... Wat van ’n “plumber”? In Afrikaans praat ons van ’n loodgieter. Noem hom eerder ’n pyplasser, ’n toiletdokter of toiletmechanic, maar hy is nie ’n gieter nie en daar is nêrens lood nie....

# TOETS JOU KENNIS!

Hoe goed dink jy ken jy die manspersoneel van Hoërskool Bastion? Goed genoeg dat jy hulle sal kan uitken aan hulle bene? Bestudeer die foto's hieronder en vat 'n wilde raai. Aan wie dink jy behoort elk van die volgende 9 pare bene?

**DIE EERSTE KORREKTE INSKRYWING SAL KWARTAAL 1 VAN 2023 AFSKOP MET 'N R500 SNOEPIEGESKENKBEWYS.**

Stuur 'n whatsapp met jou naam en van en jou antwoorde na 0825660651.

**Hierdie kompetisie sluit om 12h00 op 5 Desember 2022.**

Foto A



Foto B



Foto C



Foto D



Foto E



Foto F



Foto G



Foto H



Foto I



## *BYDRAES WELKOM!*

**Het jy 'n talent waarby Bastion se koerant kan baat?**

**Het jy 'n hart vir fotografie of is jy in jou hart 'n joernalis?**

**Dalk kan jy verhale of gedigte skryf waarmee mense heeltemal weggevoer kan raak?**

**Selfs jou kuns kan pronk in Bastion se koerant. Ons is juis opsoek na iemand wat vir ons strokiesprente kan teken.**

**Bring jouself, jou bydraes of jou vrae na juffrou Santie Bothe-Smith in K11, reg langs die snoepie.**

# ONS GROET DIE MATRIEKS VAN 2022

**40 DAYS – DIE LAASTE BIETJIE MATRIEK MANEWALES**
Geskryf deur Mieke de Beer





MINDALORE - Exciting! Vet pret! Onvergeetlik ! Vol gees! Vryheid! Dit is hoe ’n paar van die matrieks die week waarin ons ons “40 days” gevier het, opgesom het.

Ons het ons hele hoërskoolloopbaan vir hierdie oomblik gewag, die einde is in sig en ons het dit goed afgeskop met ’n week vol pret en tema’s soos: ‘Blast from the past’, ‘gender swop’, ‘trek aan soos jou gunsteling onderwyser’ en ‘my toekoms’.

Ons almal kan saam stem dat hierdie week die hoogtepunt van die jaar was. Die matrieks het lekker kattekwaad aangevang! Ons het die stoele en tafels van party klasse omgekeer en onderstebo geskuif, insluitend juffrou Barbara Martens se klas! Ons het “MX ‘22” op die blokke geskryf (darem net met bordkryt). Onderwysers is gevang en almal vasgebind by die tegniese klasse en ’n hele paar van hulle het lekker saamgespeel! Tydens gender swop dag het die seuns uiteindelik besef dat rompies nie so gemaklik is nie.

Matrieks van 2022, hou jou kop hoog en sterkte met die eindeksamen

**GLIMMER, GLANS EN ’N TRAAN OF TWEE**

KRUGERSDORP – Op 13 Oktober 2022 het Bastion se matrieks weer soos in die ou dae matriekafskeid gehou by Usambara. Was dit nou vir jou ’n deftige affêre! Die jong dames en manne wat op die drumpel van ’n nuwe lewensfase staan was almal netjies opgetof, die onderwysers kon skaars ’n paar van hulle herken! Hierdie jaar was dit nie net die meisies wat ons asems weggeslaan het met hulle pragtige rokke nie, maar die seuns het werklik beïndruk met hulle stylvolle pakke en bykomstighede. Bo en behalwe die matrieks was die patats wat die aand bedien is ook fantasties😉.



# KLAS VAN 2022



**Sheldon Aldridge**
Be a rainbow in
*someone else's cloud*



**Leonie Badenhorst**
Beginnings are usually scary and endings are usually sad, but it's everything in between that makes it all worth living.



**Lourens Barnard**
Never underestimate
the power you have to take
your life in a new direction.




**Brendan Botha**
Live
and
let live.



**Jeani Botha**
*"There are no regrets in life.*
*Just lessons."*
- Jennifer Aniston -



**Kara Botha**
*Jy's in beheer van jou*
bestemming, hoe jy daar
uitkom is jou eie besluit.



**Tiaan Breet**
The future is all yours now. Go for it! Commit to the Lord whatever you do, and your plans will succeed.



**Marko Briedenhann**
My onbekende toekoms is in
*die hande van 'n*
alwetende God.



**Mia Bruun**
To be old and wise,
you need to first be
young and stupid.



**Christiaan Calitz**
The temporary satisfaction of quitting is outweighed by the eternal suffering of being a nobody.



**Madelein Carstens**
Remember, some
things have to end for better
things to begin.



**Jaden Chamberlain**
I'm too full of life
to be half loved.



**Gift Chauke**
If you cannot do
great things do small
things in a great way.



**Anton Coetzee**
"In the depth of winter, I finally
learned that within me there
lay an invincible summer."
- Albert Camus -



**Brendin Coetzee**
Success is not final
Failure is not Fatal
It is the courage to
continue that counts.



**Michelle Combrink**
Good things
take time.



**Vionn Cronje**
Brutherrr's for life.



**Mieke de Beer**
Ek dog ek maak skool klaar die jaar , maar skool het my klaar gemaak.



**Christelle de Jager**
"You can't open the story of my life and just flip to page 738 and think you know me."
- Arin Hanson –



**Liané de Waal**
*"Just keep swimming."*
- Finding Nemo -



**Erika de Winnaar**
My goal is not to be better than anyone else, but to be better than I used to be.




**Amelia Diederiks**
Enjoy little moments in your everyday life.



**Clint East**
Brutherrr's for life.



**Simoné Ehlers**
To live for the hope of it all.



**Amelia Grobler**
God knew
I would be too powerful
if I could do math.



**JP Haarhoff**
"Without commitment you will never start but more importantly without consistency you will never finish"
- Denzel Washington -



**Manolito Hendricks**
Go confidently in the direction of your dreams. Live the life you have imagined



**Cassandra Heppel**
You can close your eyes to reality
but not to memories.



**Reuben Horak**
Whatever you are,
be a good one.



**Leani Janse van Vuuren**
*You can't move forward*
without saying goodbye
to the past.



**Nikita Jansen van Rensburg**
If you follow your dreams,
you are capable
of anything.



**Dean Jonker**
No one can tell you
who to be or how to act,
*that's for you to decide.*
Keep slaying.



**Jessica le Roux**
I spent 113,880 hours
of my life for a paper
and a handshake.



**Nicole Liebenberg**
*"Without a little rain
there can't be a rainbow."*
- Dolly Parton -



**Desmari Lues**
Life is a journey
to be experienced, not a
problem to be solved.



**De Wet Martins**
"To infinity and beyond!"
- Buzz Lightyear -



**Rethabile Maswangane**
*Don't cry because it's over,*
smile because it happened.



**Lucky Mazibuko**
There's a lot of us out here
that are birds, man. We all
need to just fly.



**Ryan McGowan**
They asked me to write
something. So here it is:
Something.




**Dawie Moolman**
No matter what happens in your
life, you are busy living the life
your younger self was looking
forward to, so don't disappoint.



**Nikita Moolman**
See kids, I told you your
mother was hot
back in high school.



**Bianca Mosquin**
Life moves pretty fast, if you
don't stop and look around
every once in a while, you
could miss it.



**Romeo Moumi**
Be yourself 'till the end,
don't change, be you



**Divan Myburgh**
Always remember
who got you
where you are today.



**Carmen Nel**
"Life itself is a privilege.
But to live it to the fullest –
well, that is a choice"
- Andy Andrews -




**Nolene Oberholzer**
Be who you are not who
the world wants you to be,
even if everyone thinks
you are crazy.



**Damian Olivier**
Ek wag net dat
die krag aangaan
dat ek 'n quote kan kry.



**Cassidy Oosthuizen**
Your future is only as good as
the work you put into it.



**Rocco Oosthuizen**
"You can't go back and change the beginning, but you can start where you are and change the ending."
- C.S. Lewis -



**Chenique Otto**
We all have the ability, the diffirence is how we use it.



**Chanique Peentz**
The best things in life comes from living outside your comfort zone.



**Dihan Pieterse**
At the end of the day, it is what it is.



**Alex Potgieter**
Live life to the fullest. Never let anyone tell you otherwise.



**Xander Potgieter**
Die verlede is jou les. Die hede is jou geskenk. Die toekoms is jou motivering.



**Armand Pretorius**
Don't downgrade your dreams to fit your reality. Upgrade your conviction to match your destiny.



**Megan Price**
*Don't stop until you're proud.*



**Janet Rautenbach**
"The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams."
- Eleanor Roosevelt -



**Clarissa Reineke**
The beautiful thing about learning is that no one can take it away from you.



**Matthew Robbertse**
Hier vir 'n lekker tyd, nie vir 'n lang tyd nie.



**Mekyla Rossouw**
Be who you are and say what you feel, those who matter don't mind and those who mind don't matter. What others think of you is actually none of your business.



**Nathan Skead**
*"I*t is not speed that kills, it is the suddenly becoming stationery that gets you,*"*
- Jeremy Clarkson -



**Bianca-Lee Smit**
Love is too beautiful to hide it in the closet



**Ivan Smit**
My computer screen is brighter than my future.



**Jolene Smit**
To the world you may be one person, but to one person you are the world.



**Nikita Smit**
High school was easy. It was like riding a bike. Except the bike was on fire and the ground was on fire and everything was on fire!!!



**Shanté Smit**
You only live once but if you do it right, once is enough.



**Dominique Smith**
The Office, Season 7, Episode 19, 14:45 minutes.



**Jeandré Smith**
As jou drome jou nie bang maak nie, is hulle nie groot genoeg nie.



**Justin Smith**
**Well done** is better than **well said.**



**Chloé Springhall**
*Futures don't make* themselves, you have to create them.



**Zené Stapelberg**
Master has given Zené a high school diploma, Zené is a freee elf!!



**Yolize Steenkamp**
We made it!



**Andries Steyn**
Always remember that you are unique, just like everybody else.



**Alishia Strydom**
Sometimes what you are most afraid of is the very thing that will set you free.



**Chané Strydom**
The fears we don't face become our limits.



**Anicia Swanepoel**
Nothing is true but everything is permitted.



**Kevin Swanepoel**
No journey is too long when you have good company.



**Tamsin Swart**
"I'm gonna wing it!"
- Me, about something I most definitely should not wing. -



**Gabi Symons**
Our school days weren't always sunny and full of hope, there were days when it was full of storms, where you couldn't see the light at the end of the tunnel but it is up to us to make sure our future is BRIGHT.



**Raylien Theron**
You need to be kind to yourself,even if the world hasn't been kind to you.



**Zacko Theron**
Be a game changer
because the world
is already full of players.



**Janco van Breda**
H.O.P.E.
**H**old **O**n **P**ain **E**nds



**Elrad van de Venter**
Regardless of our limits we
can always be of some use.



**Jaco van de Vyver**
...



**Dylan van der Linde**
The most important
thing in life will
always be family.



**Deidré van der Merwe**
Focus on the step
in front of you,
not the whole staircase.



**Juanelle van der Merwe**
Accept what is,
let go of what was.



**Bernice van der Vyver**
They say good things
take time, thats why
I'm always late.



**Lloyd van der Westhuizen**
Wees nie bevrees nie, want
Ek is met jou; kyk nie angstig
rond nie, want Ek is jou God.
Jesaja 41:10



**Nadia van Jaarsveld**
*If it's meant to be, it'll be.*



**Charnelle van Rooyen**
You were given this life
because you are strong
enough to live it.



**Ferdinand van Wijk**
As jy jou drome volg
is jy in staat om
enige iets te kan doen.



**Marchant Veenendaal**
Ge'ntle'me'n Thy Maide'ns Are
Te'mporary But Bre'thre'ns Art
Fore've'r.



**Lynri Venter**
I wish there was a way to
know you're in the good
old days before you've
actually left them.



**Zanell Venter**
If tomorrow isn't the due date,
today isn't the do date.




**Vera Vermeulen**
A book a day
keeps reality away.




**Vincenzo Visagie**
I've learned
from the bad times
and was humbled
by the good.



**Erica Viviers**
Never let anyone treat
you like regular glue.
*You're glitter glue.*



**Wian Vogel**
Hard to get,
harder to forget.



**Werner Wehmeyer**
Don't trade what is good for
something you think is better,
because once you realize better
ain't good,good has already
found better.



**Deleney Willemse**
Al ons drome kan waar word as
ons die moed het om dit na te
streef en onthou dat mislukking 'n
goeie onderwyser is en as jy oop
is daarvoor, het elke fout 'n les om
te bied.



**Suné Zandberg**
Don't live someone else's
dream, find your own.

# 'N LAASTE WOORD VAN WYSHEID

## Ons matriek voogpersoneel deel 'n bietjie raad vir die toekoms wat vir ons matrieks voorlê.

Maak 'n loopbaan uit dit wat jou geesdriftig maak, al moet jy een of twee keer op jou tande byt omdat iemand hul oë vir jou planne gerol het. Luister na jou ouers, al is jy nou klaar met skool. Moenie jou ouers se lewenslesse bloot verontagsaam nie. Glo dit of nie, maar hulle weet nogal waarvan hulle praat. Die volgende fase van jou lewe is iets om na uit te sien. Al klink dit baie ernstig, moenie vergeet van die balans tussen werk en speel nie. Die laaste ding om te onthou: jy is net 'n mens. Moenie te veel druk op jouself plaas nie. Dink mooi maar geniet dit. Raak betrokke en maak 'n bydrae met jou talente.



**Me Melardi Grobler**
Streef na die doelwitte
wat jou geesdriftig maak
en jaag dit na
sonder skaamte.



**Me Madrey Smit**
Live what you love...
And REMEMBER...
May the only time
you look down...
...be to admire your
shoes ❤



**Me Marilee Jonker**
The only impossible journey is
the one you never begin.

Mag die nuwe journey wat vir
jou wag geseënd wees, elke
hoek en draai 'n nuwe
avontuur wees wat vir jou
wink.

Be you, do you, for you.
XX



**Me Simoné Carstens**
Whether you think you can,
or you think you can't--
you're right.

# WELKOM GRAAD 8's VAN 2023!

**'N VOL PLAAS**
Geskryf deur Stacey Hay
Foto's deur Johannes Myburgh en Chuné Lingenvelder

MINDALORE – Die straat het vol karre gestaan tydens Hoërskool Bastion se opedag vir die graad 8's van 2023. Dié aand was beslis een om te onthou!

Daar was ouers en kinders, ouma's en oupa's. Dit het behoorlik gewemel van besoekers op die Bastion Plaas. Ons Bastion Buffel (hy wag nog om 'n naam te kry) het sy verskyning gemaak en het die gees behoorlik aan die gang gekry.

Ek het met 'n paar ouers en voornemende graad 8's gepraat en mense het net goeie dinge oor Bastion te sê – "Ek het Bastion gekies omdat dit 'n baie oulike skool is met baie suksesstories" en "Bastion lyk soos 'n baie lekker skool".

Graad 8's van 2023, ons kan nie wag om julle te ontvang nie. Ons sien uit daarna om julle te leer wat dit beteken om 'n Bastioner te wees en julle in te burger in ons kultuur van groei tot sukses met respek.

BETER, BESTE, BASTION!











